Wes-Kaapse Provinsiale Parlement
Western Cape Provincial Parliament
IPalamente yePhondo leNtshona Koloni

# OPROEP OM BENOEMINGS OM VAKATURES IN DIE WES-KAAPSE KULTUURKOMMISSIE TE VUL

Die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se Staande Komitee oor Polisietoesig, Gemeenskapsveiligheid, Kultuursake en Sport nooi die publiek uit om geskikte persone as lede van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie te benoem. Persone wat aangestel word, sal 'n ampstermyn van drie jaar dien.

Die doel van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie is om die kulture in die Wes-Kaap te bewaar, te bevorder en te ontwikkel ooreenkomstig beleid bepaal deur die Minister verantwoordelik vir kultuursake. Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie het tot stand gekom om uitdrukking te gee aan die vereistes van die Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade, 1998 (Wet 14 van 1998), en die Grondwet van die Wes-Kaap. Lede van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie sal die rekenpligtige owerheid van die entiteit wees en sal verantwoordelik wees vir al die bestuurstoesigverwante aangeleenthede ingevolge artikel 49 tot 57 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) (WOFB).

**Vereistes:**

**Benoemdes moet:**

- Suid-Afrikaanse burgers wees, ten minste 21 jaar van ouderdom wees en permanente inwoners van die Wes-Kaap wees;
- so ver as moontlik verteenwoordigend wees van die kulturele diversiteit van die mense van die Wes-Kaap;
- ten minste twee van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap vlot magtig wees; en
- oor kennis van kultuuraangeleenthede beskik en aktief bydra tot die ontwikkeling, bevordering en bewaring van die kulture van die mense van die Wes-Kaap.

**Benoemdes moet kennis hê van en/of ondervinding hê in enige van die volgende:**

- sakestudie;
- bemarkings- en bestuurspraktyke;
- kulturele diversiteit;
- kultuurgeskiedenis, sosiale antropologie, die uitvoerende kunste en tale;
- beleidsontleding en -interpretasie; en
- grondige finansiële bestuur en voldoeningsvereistes ingevolge die WOFB.

Benoemings moet met die voorgeskrewe benoemingsvorm gemaak word en moet teen nie later nie as **28 November 2024 om 12:00** ingedien word.

Die benoemingsvorm kan van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se webtuiste by www.wcpp.gov.za afgelaai word. Die vorm kan ook aangevra word by mnr Waseem Matthews, Prosedurebeampte van die Staande Komitee oor Polisietoesig, Gemeenskapsveiligheid, Kultuursake en Sport. Sy e-posadres is wmatthews@wcpp.gov.za.

Neem asseblief kennis dat kommissielidmaatskap nie 'n voltydse betrekking is nie.

**Uitgereik deur mnr T Walters (LPP), Voorsitter van die Staande Komitee oor Polisietoesig, Gemeenskapsveiligheid, Kultuursake en Sport.**

gear GA3939

Posbus 648, Kaapstad
8000, Suid-Afrika
www.wcpp.gov.za

PO Box 648, Cape Town
8000, South Africa
info@wcpp.gov.za

PO Box 648, Ekapa
8000, Mzantsi Afrika
+27 21 487 1600

Promoting tolerance, equity, diversity, integrity, dignity, equality, respect and justice